# KOMMUNIKAMMA 23 APRIL 2023

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 23 April**

**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Ons wens vir Marcel en Kirsten du Plessis geluk met die doop van Hailey.**

**18:00 LEEF@KERK**

**Skriflesing:** Handelinge 2:14a, 36 - 42
**Tema:** Redding begin nie by my nie, maar gebeur ook nie sonder my nie.

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir MTR Smit Kinderoord**

**Maandag 24 April**

**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Woensdag 25 April**

**Voedselhulp aan PE-Noord**
**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**
U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Willie Swanepoel (082 920 0261) kontak.
Kraggakamma gemeente het al R423 781,17 se kos aangekoop. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.** Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.
**Die Broodjie-projek vir Laerskool Piet Retief het weer begin. Indien jy kan help, kan enige broodjie-smere by die kerkkantoor afgelaai word.**
**Ons is opsoek na XXL doeke vir dame wat haar been verloor het, asook beddens vir 2 gesinne.**

**<u>Donderdag 27 April</u>**
**VRYHEIDSDAG**

**<u>Vrydag 28 April</u>**
**SKOLE VAKANSIEDAG**

**GEEN MANNEGROEP-BYEENKOMS A.G.V. DIE SKOLE LANGNAWEEK**

**<u>Sondag 30 April</u>**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS**

**<u>Maandag 1 Mei</u>**
**WERKERSDAG**

**<u>GEBEDSAKE:</u>**
Bid vir die tweede kwartaal wat voorlê. Hier by ons gemeente is ‘n paar hoogtepunte wat voorlê die Pinksterweek van 21-24 Mei, Kermis op 16 Junie en Avontuurweek van 3-6 Julie.
Die voedselprojek by PE Noord en Piet Retief laerskool. Ons hulp by Algoa Gemeenskapskerk. Bid vir mense wat baie swaarkry. Werkloosheid is ‘n groter wordende probleem. Ons is dankbaar vir almal wat betrokke is by hierdie aksies.
Reën in ons opvangsgebiede en waterprobleme wat ons in die Metro ervaar.
Algoa en Grasvoëlkop gemeentes wat besin oor hulle toekoms. Patmos gemeente se beroepingsproses.
Lorraine gemeente het die afgelope week beroep.
Vir ‘n einde aan die oorlog in Oekraïne. Vir beskerming van die burgerlikes wat geteiken word en baie swaarkry.
Geestelike leiers wat in baie moeilike omstandighede steeds ‘n verskil maak en die Here se lig uitdra.
Vra die Here omgeestelike en morele verval te stuit en ons met sy wapenrusting toe te rus in hierdie stryd.

**<u>THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Loof ons God dat Christene in **Sirië** ten spyte van dreigende gevare staande bly in hulle geloof in Jesus Christus en dat hulle die sout en die lig is vir hulle gemeenskappe.

**<u>NUWE LIDMATE</u>**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**<u>MTR SMITH KINDEROORD</u>**
MTR Smit Kinderoord is op soek na emmers, insluitend HTH emmers, om wasgoed water mee op te vang. Die water sal hergebruik word om toilette mee te spoel en so 'n waardevolle bydrae lewer tot die behoud van water. As jy kan help met hierdie inisiatief, word jy vriendelik versoek om Linda Rossouw (082 402 4396) te kontak of die emmers by die kerkkantoor af te lewer. Jou bydrae sal 'n groot verskil maak in die lewens van die kinders by MTR Smit Kinderoord en die omgewing waarin hulle leef.

**<u>KERMIS, Vrydag 16 Junie 2023</u>**
**WIT-OLIFANTE**
Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

**SKENKINGS WAT BY KERMIS OPGEVEIL KAN WORD**
Help asb met skenkings wat opgeveil kan word. Kontak met Christo van der Merwe by sel: 072 132 2851.

**BREKKIE BUNS**
Ons benodig dringend ‘n sameroeper by die Brekkie Bun tafel. Kontak Niekie, by die kerkkantoor, indien jy bereid is om te help.

**HULP BENODIG BY BEGRAFNISSE**

Indien jy bereid is om soms met die maak van toebroodjies by begrafnisse te help, kontak asb vir Dossie Nortjé (082 957 6084) of Elizma Harmse (083 940 5617). Dit sal wonderlik wees indien ons 'n lys helpers kan saamstel.

**HUIS LOUISA MEYBURGH**

Ons is opsoek na 'n dame wat betrokke wil raak by Huis Louisa Meyburgh ouetehuis. Die verantwoordelike persoon sal een keer per kwartaal 'n oggend vergadering by Huis Louisa Meyburgh moet bywoon. Ons is saam met ander NG Gemeentes in Gqeberha betrokke by die fondsinsamelings van die aftree oord. Die fondsinsamelings behels 'n basaar en 'n jaarlikse tee. Verder voorsien ons een keer per jaar eetgoed vir die bejaardes by een van hulle maandelikse tee-kuiers en word daar gehelp met die kersete. Kontak Marlene Postma (082 787 4030) indien jy betrokke wil raak.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 23 April | Dirk Haarhof, Alida Strydom en James von Wielligh |
| 24 April | Jack Geyser, Jacques Robson en Ryno Scholtz |
| 25 April | Marne Ackerman, Retha Bezuidenhout, Lienke Buchner, Jacques Conradie, Stefan Hanekom, Yolande le Roux en Nici Snyman |
| 26 April | Ienke Barnard, Deané de Beer |
| 27 April | Annica Botha, Anja Dreyer, Charl du Plessis, Daniel Grobler, Jackie Pieterse, Nico Potgieter en Hein Stapelberg |
| 28 April | Berno Burger, Piet Greyling, Este Lourens, Rhyan Mulder, Mias Nieuwoudt en Odette Wessels |
| 29 April | Lecinda du Preez, Wiehahn Maritz, Bessie Petzer, Paul van Heerden, Ansunel van Rooyen en Zander van Rooyen |

**Ons wens tannie Alida Strydom baie geluk met haar 98ste verjaarsdag op Sondag 23 April en vir tannie Bessie Petzer met haar 99ste verjaarsdag op Saterdag 29 April**

**Ds TOIT IS OP VERLOF.**

Ds Toit is van 21 April – 6 Mei op verlof. Indien u in hierdie tyd 'n dominee benodig, kontak asb met dominee MG.

**EK WENS… EK WENS… DEUR FRANK OPPERMAN**

NG Gemeente Patmos bied die nuwe eenmanvertoning deur Frank Opperman aan.

Datum: 26 en 27 Mei

Tyd: 18:30

Plek: Impetus Teater, Circularrylaan

Koste: R 160.00 per persoon, sluit port en poeding in.

Kaartjies beskikbaar op www.webtickets.co.za

Navrae: Elizna 083 258 9860

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005